higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 2

3 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

ALGEMEEN:

1. Assesseer die skryfstukke volgens die aangeduide inhoud en formaat.

2. Inhoud word aangedui met (✓) en word nagesien volgens die gegewe situasie.

3. Formaat word aangedui met (X) en word negatief nagesien tot die aangeduide maksimum.

4. Gebruik die rubriek by elke nasienriglyn vir die beoordeling van taal en styl.

5. Indien 'n skryfstuk uit die vraestel saamgeflans word of dele van opdragte uit vraestelle word net so oorgeskryf, sal die skryfstuk nie logies wees nie en die leerder ontvang dan geen punte nie. U kommentaar sal wees: Nie eie werk nie.

6. Indien die kandidaat die opdrag woord vir woord oorgeskryf het as 'Inhoud', word geen punte vir Inhoud of Taal/Styl toegeken nie.

7. By skryfstukke wat te lank is: Lees tot by die afsnypunt en skryf dan *lengte* ter verduideliking. By skryfstukke wat te kort is, penaliseer die kandidate by die inhoud. Skryf weer die woord *lengte* ter verduideliking.

Die volgende simbole/tekens kan by die nasien van skryfstukke gebruik word:

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Taalfout	_____	Onderstreep die fout
Spelfout	=	Kort dubbelstreep onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Woorde uit 'n ander taal	E/X/Z	Die letter bo-aan die woord
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbel skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/Onverstaanbaar	∫	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	○	'n Sirkel

Kopiereg voorbehou

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING A (30):

I	= Inhoud	punt uit 13
F	= Formaat	punt uit 10
T/S	= Taal en Styl	punt uit 7
		30

I	= 8
F	= 3
T/S	= 4
Totaal	15/30

OF

I	**F**	**T/S**	**Totaal**
10	**4**	**6**	**30**
8	3	4	15

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING B (20):

I	= Inhoud	punt uit 10
F	= Formaat	punt uit 4
T/S	= Taal en Styl	punt uit 6
		20

I	= 8
F	= 3
T/S	= 4
Totaal	15/20

OF

I	F	T/S	Totaal
10	4	6	20
8	3	4	15

NEERSKRYF VAN PUNTE AFDELING C (10):

I	= Inhoud	punt uit 5
F	= Formaat	punt uit 2
T/S	= Taal en Styl	punt uit 3
		10

I	= 4
F	= 2
T/S	= 2
Tot.	8/10

OF

I	F	T/S	Totaal
5	2	3	10
4	2	2	8

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL (Taal en Styl) – AFDELING A (30)

TAAL EN STYL (7 PUNTE)	**7 Uitstekend (80% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne baie goed gebruik. Wissel sinslengtes deurentyd effektief af. **WOORDESKAT** is baie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Ryk, uitgebreide woordeskat word gebruik. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op die onderwerp.
	6 Baie goed (70–79%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word meestal korrek gebruik. **SINNE** baie goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie, uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Behou goeie fokus op die onderwerp.
	5 Goed (60–69%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** maklik om te lees. Woord- en sinstrukture word oor die algemeen korrek gebruik. **SINNE** is goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne meestal korrek gebruik. Sinslengtes word goed afgewissel. **WOORDESKAT** is meestal toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. Oor die algemeen 'n goeie woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** oor die algemeen/meestal toepaslik. Behou meestal fokus op die onderwerp.
	4 Gemiddeld (50–59%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture word gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** is, ten spyte van foute, voldoende gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid soorte sinne voldoende. Sinslengtes word voldoende afgewissel **WOORDESKAT** is voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Gemiddelde woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** voldoende. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	3 Onder-gemiddeld (40–49%)	Teks het **GRAMMATIKAAL** verskeie foute. Woord- en sinstrukture toon verskeie foute. **SINNE** is eenvoudig, maar so saamgestel dat dit amper sin maak. Verskeidenheid van soorte sinne nie voldoende nie. Sinslengtes word nie afgewissel nie. **WOORDESKAT** is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, lesers en konteks nie. Die woordeskat begin die verstaan van die skryfstuk beïnvloed. **STYL, TOON EN REGISTER** toon gebreke/leemtes. Fokus dwaal van die onderwerp af.
	2 Swak (30–39%)	Teks is **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.
	0–1 Baie swak (0–29%)	**INHOUD** wemel grammatikaal van foute. Woord- en sinstrukture onverstaanbaar. **SINNE** is baie swak en plek-plek onverstaanbaar. **WOORDESKAT** benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat baie swak en onverstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** kom nie ooreen met onderwerp nie/nie van toepassing vir onderwerp nie. Moeilik om te volg.

Kopiereg voorbehou

ASSESSERINGSKAAL (Taal en Styl) – AFDELING B (20)

TAAL EN STYL (6 PUNTE)	**6** **Baie goed**	Goeie taalgebruik. Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies. Geen spelfoute. Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas. Uitgebreide en gevorderde woordeskat. Taal idiomaties korrek. Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens. Kommunikasie uiters effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom.
	4-5 **Goed**	Goeie taalgebruik. Verskeidenheid sinstipes en sinskonstruksies. Min spelfoute. Woordkeuse en uitdrukkingsvermoë goed en gepas. Uitgebreide en gevorderde woordeskat. Taal idiomaties korrek. Korrekte en effektiewe gebruik van leestekens. Kommunikasie effektief deur woordkeuse, seleksie van sinne, funksionele taalidioom.
	2-3 **Gemiddeld**	Taalgebruik is gemiddeld. Kleiner verskeidenheid sinstipes en -konstruksies. Lomp woord- en sinskonstruksie kom dikwels voor. Woordeskat is basies en woordbetekenis is nie altyd korrek nie. Dwaal soms van onderwerp af. Inhoud is vanselfsprekend; niks buitengewoons nie. Slaag nog om inhoud verstaanbaar te kommunikeer ten spyte van foute. Min gebruik van taalidioom; wel moedertaalinvloed.
	1 **Swak**	Taalgebruik is swak. Sukkel met basiese woord- en sinstrukture. Taal lomp, beperk en dikwels heel onverstaanbaar. Baie foute ten opsigte van sinsbou en woordgebruik. Woordeskatkennis is skraal met baie woordbetekenisfoute. Gebruik Engelse woorde. Slaag nie daarin om boodskap oor te dra nie. Kommunikasie moontlik verstaanbaar omdat leser inlees.

ASSESSERINGSKAAL (Taal en Styl) – AFDELING C (10)

TAAL EN STYL (3 PUNTE)	**3** **Goed** **(70% +)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** akkuraat. Woord- en sinstrukture word feitlik deurgaans korrek gebruik. **SINNE** goed gekonstrueer/saamgestel. Verskeidenheid van soorte sinne goed gebruik. Sinslengtes goed afgewissel. **WOORDESKAT** is toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks. 'n Goeie, uitgebreide woordeskat. **STYL, TOON EN REGISTER** baie toepaslik. Behou deurentyd fokus op onderwerp.
	2 **Gemiddeld** **(50–69%)**	Teks is **GRAMMATIKAAL** verstaanbaar. Woord- en sinstrukture gemiddeld korrek gebruik. **SINNE** ten spyte van foute voldoende saamgestel/gekonstrueer. Verskeidenheid soorte sinne voldoende. Sinslengtes voldoende afgewissel. **WOORDESKAT** voldoende vir doel van teks, lesers en konteks. Basiese woordeskat, maar pas oor die algemeen by die skryfstuk. **STYL, TOON EN REGISTER** toepaslik. Voldoende fokus. Algemene foute kom voor.
	1 **Swak** **(0 – 49%)**	Teks **GRAMMATIKAAL** swak en moeilik om te volg. Woord- en sinstrukture toon baie foute. **SINNE** is basies en swak saamgestel. Weinige wisseling in die sinslengtes. **WOORDESKAT** is skraal en dikwels nie toepaslik vir doel van teks, lesers en konteks nie. Woordeskat is swak en moeilik verstaanbaar. **STYL, TOON EN REGISTER** ontoepaslik. Min fokus op die onderwerp.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK (120–150 woorde)

VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (10)
✓ DUI INHOUD AAN (13)

X Sender se adres
X STAD
X Enige kode
X (reël oop is opsioneel***)
X Enige datum
X ***

X Die Redakteur
X Naam van koerant
X Enige Posbus
X STAD
X Poskode
X ***

X Geagte Meneer/Mevrou
X ***

X KLAGTE: STUDENTE SE KLAGTES VAL OP DOWE ORE
X ***

✓✓✓ Neem standpunt in en stel duidelik waaroor die brief handel. Noem hoe ongelukkig jy is.

✓✓✓ Ontevredenheid word duidelik uitgespreek.
Die studente kry nie die nodige respek nie. Jy betaal vir die diens.

✓✓✓ Eis dat onmiddellike aandag aan die probleem gegee moet word. Studente moet die kans gegun word om hulle opinie te lug. Die nodige stappe teen diegene wat oortree, moet geneem word.

✓✓✓ Bevorder welwillendheid – bedank vir aandag wat jou klagte geniet.

***

X <u>Handtekening</u>
X NAAM IN HOOFLETTERS

INHOUD: (13)

- Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
- Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.

FORMAAT: (10)

X Word negatief nagesien.
X Aangedui met (X).
X Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n **maksimum van 10 punte**.
X Dui fout aan met X in ANTWOORDBOEK.
X Engels, behalwe amptelike Engelse name, nie aanvaar nie.
X Datum kan aan die linkerkant of regterkant wees.
X Geen leesteken in adres, aanhef of slot.
X Reël oopgelaat tussen paragrawe.
Straatname wat eiename of uitgeskryfde rangtelwoorde bevat (bv. **Botha**straat/**Botha** straat/**Derde**straat/**Derde** straat) mag los of vas geskryf word. Indien die straatnaam egter 'n soortnaam (bv. **Kerk**straat/**Boom**straat) bevat, MOET dit steeds een woord wees. Straatname met rangtelwoorde in syfers (bv. 3de Straat/26e Laan) moet altyd los geskryf word.
Voorbeelde van adres:

Kerkstraat 12	Posbus 88	Huis 343	Plot 44	Debrahof
Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Kode	Kode	Kode	Kode	Kode

TAAL EN STYL: (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele brief moet gebruik word.
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na.

[30]

OF

VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (10)
✓ DUI INHOUD AAN (13)

BRIEFHOOF

X Enige Posbus
X STAD
X Kode

X (reël oop is opsioneel)***

OF X Enige datum

X***

X Die Bestuurder
X SANparke
X Posbus 787
X Pretoria
X 0001

X***

X Geagte Meneer/Mevrou

X***

X NAVRAAG: STAPROETES

X***

✓✓ Bou welwillendheid – noem bv. doeltreffendheid van advertensie. Gee duidelike, volledige inligting van vereistes, logies uiteengesit.
✓✓ Die doel van die staptog.
✓ Die datum wanneer die staptog gaan plaasvind.
✓✓ Die grootte en samestelling van die groep (getal dames/mans).
✓✓ Navraag oor die koste, akkommodasie en bv. twee etes per dag.
✓ Die aktiwiteite wat die kollege vir hierdie groep wil aanbied.
✓ Die beskikbaarheid van 'n lesingsaal/wegbreekkamers.
✓ Volledige kontakbesonderhede.
✓ Bedank vir aandag wat aan die navraag gegee sal word.

X***

X Die uwe

X***

X Handtekening
X NAAM IN HOOFLETTERS

TAAL EN STYL: (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele brief.
- Sien volgens gegewe assesseringskaal na.

[30]

OF

VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN (10)
✓ DUI INHOUD AAN (13)

FORMAAT:

(X) Persoon wat aangespreek word
(X) Titel van die verslag
(X) Verwysing (Opdrag)
(X) Prosedure
(X) Bevinding
(X) Gevolgtrekking
(X) Aanbevelings

INHOUD:
✓ Navorsing gemik op voornemende studente.
✓✓ Noem wat die motivering vir die ondersoek was.
✓✓ Noem hulle swak en sterk punte, asook die uitdagings wat die studente in die gesig kan staar.
✓ 'n Duidelike uiteensetting van jou bevindings.
✓✓ Noem die tipe ingrypings/intervensies wat nodig is.
✓✓ Hoe verhoudings tussen dosent en student versterk kan word.
✓ Wat die studierigting vir jou beteken.
✓ Bereid om hard te werk.
✓ Ondersteuningsprogramme in plek stel om studente aan te moedig.
(X) Handtekening
(X) Hoedanigheid
(X) Datum

INHOUD: (13)

✓ Punte word toegeken vir inligting verskaf soos aangedui met (✓).
✓ Inhoud moet in volsinne geskryf word en paragrawe moet gestruktureerd wees.

FORMAAT: (10)

X Word negatief nagesien.
X Aangedui met (X).
X Vir elke fout word 1 punt afgetrek tot 'n **maksimum van 10 punte**.
X Dui fout aan met X in ANTWOORDBOEK.
X Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word nie aanvaar nie.
X Reël oopgelaat tussen paragrawe.

TAAL EN STYL: (7)

- Gepaste styl, toon en register vir 'n formele verslag.
- Sien volgens die gegewe assesseringskaal na.

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 4: BESKRYWING

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN
✓ DUI INHOUD AAN

INHOUD: (10)

Jou beskrywing moet die volgende insluit:

✓ 'n Gepaste inleidende sin.
✓✓✓✓ Waarvan gaan jy vertel?
✓✓ Waarop was die navorsing gebaseer?
✓✓ Jou gewaarwordinge en emosies wat jy met hierdie ervaring/vertelling beleef.
✓ 'n Gepaste slotsin (hoe dit studente affekteer).

FORMAAT: (4)

X Inleidende sin wat die leser prikkel.
X Liggaam – wat die feite gee oor die ervaring.
X Slot – dui op betekenis van ervaring.
X Logiese samehang.

TAAL EN STYL: (6)

- Gebruik die verlede tyd.
- Maak gebruik van verbindingswoorde.
- Skryf vol sinne.
- Sien volgens gegewe assesseringskaal na.

[20]

OF

VRAAG 5: PROSEDURE

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN
✓ DUI INHOUD AAN

	Hoe om 'n bankrekening oop te maak:
1. ✓✓	Kies 'n bank van jou keuse nadat jy deeglike navorsing oor die rente en bankfooie gedoen het.
2. ✓✓	Jy moet in besit wees van 'n geldige strepieskode Suid-Afrikaanse ID of paspoort sodat jy maklik geïdentifiseer en geverifieer kan word.
3. ✓✓	Bewys van adres wat nie ouer as drie maande is nie sodat jy maklik opgespoor kan word.
4. ✓✓	Bewys van registrasie by 'n opvoedkundige inrigting. Die inligting, wat duidelik jou naam en van toon met die erkende amptenaar se handtekening daarby, moet op 'n briefhoof van die opvoedkundige inrigting wees.
5. ✓✓	Jy moet eers die aanvangsfooi betaal voordat die rekening geopen/geaktiveer kan word. Die fooi kan wissel vanaf R50 afhangende van jou gekose bank.

INHOUD: (10) (✓)

- Een punt per instruksie.
- Kandidate kan slegs 'n maksimum van 10 punte verdien.

FORMAAT: (4)

X Instruksies kan in bevelvorm gegee word. Ander opsies is ook moontlik.
X Word in die teenwoordige tyd geskryf.
X Volg logies opmekaar.
X Moet samehangend wees.

TAAL EN STYL: (6)

Sien volgens assesseringskaal na.

[20]

OF

VRAAG 6: E-POS

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN
✓ DUI INHOUD AAN

INHOUD: (10)

AAN:	X Relevante e-posadres
ONDERWERP:	X Uitnodiging
BOODSKAP:	
INHOUD	INHOUD:
	✓ Bou welwillendheid – wees hoflik.
	✓✓ Dui aan hoekom jy die persoon saamnooi.
	✓✓ Waar julle gaan fliek. Dag en datum.
	✓✓ Kort agtergrond van die rolprent.
	✓✓ Wanneer ry julle en wanneer kom julle terug.
	✓ Verskaf kontakbesonderhede.
X	Afsluiting
X	Naam

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: VISUELE TEKSTE (30–50 woorde)

VRAAG 7: DIALOOG

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X DUI FORMAAT AAN
✓ DUI INHOUD AAN

Sydney (*opgewonde)*:	Hi Lerato! Ek wil baie graag hê jy moet saam met my na die geheime funksie toe gaan.
Lerato *(verbaas)*:	Wat! Geheime funksie?
Sydney *(verleë)*:	Ja, jou ouers hoef nie daarvan te weet nie.

INHOUD: (5)

✓✓ Spreekbeurte moet aangedui word.
✓✓ Stemming/Emosie moet aangedui word.
✓ Inhoud moet relevant wees.

FORMAAT: (2)

X Formaat moet korrek volgens dialoogformaat wees.
X Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
X Daar moet 'n reël oopgelaat word ná elke spreekbeurt.
X Dit word in die eerste persoon geskryf.

TAAL EN STYL: (3)

- Gepaste styl, toon en register vir dialoog moet gebruik word.
- Kort, eenvoudige sinne moet gebruik word.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

[10]

OF

VRAAG 8: KLEINADVERTENSIE

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X **DUI FORMAAT AAN**
✓**DUI INHOUD AAN**

TUINDIENSTE

Teen sakpaspryse!

Dienste sluit in:

- Sny van gras
- Beddings skoonmaak
- Vriendelik en betroubaar

Beskikbaar naweke: 08:00 tot 18:00
Vir meer besonderhede, skakel Masello by: 078 346 7163

INHOUD: (5)

Punte word toegeken vir inligting verskaf.
Die volgende moet daar wees:

✓ Toepaslike opskrif wat aandag trek.
✓✓✓ Voordele: Vriendelik, betroubaar en lewer werk van goeie gehalte.
✓ Kontakbesonderhede.

FORMAAT: (2)

X ABBA-beginsel toegepas (Aandag, Behoefte, Begeerte, Aksie).
X Raampie om.
X Visuele impak – aantreklik/kreatief.
X Gebruik van verskeidenheid lettertipes en -groottes.
X Gepaste posisionering van teks.

TAAL EN STYL: (3)

- Gepaste styl, toon en register moet gebruik word.
- Kort, eenvoudige sinne moet gebruik word.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

[10]

OF

VRAAG 9: PLAKKAAT

VOORBEELD – DIEN SLEGS AS RIGLYN

X **DUI FORMAAT AAN**
✓**DUI INHOUD AAN**

PAPEGAAI VERLORE!



Nog laas in die omgewing van De Bron gesien!

Reageer op die naam …
Uiterlike kenmerke:

- grys met 'n swart snawel/voëlbek en
- krom linkerpoot

'n Beloning van R5 000 word aangebied vir die veilige terugbesorging van die papegaai.

KONTAK Amanda by 078 104 3206/044 621 5432.

INHOUD: (5)

Punte word toegeken vir inligting verskaf (✓).
Die volgende moet daar wees:
Ten minste VYF feite.

- ✓ Toepaslike opskrif
- ✓✓✓ Beskrywing/Kenmerke van die papegaai
- ✓ Beloning
- ✓ Kontakbesonderhede

FORMAAT: (2)

X ABBA-beginsel toegepas
X Raampie om
X Visuele impak – aantreklik/kreatief
X Gebruik van verskeidenheid lettertipes en -groottes
X Gepaste posisionering van teks – prentjies kan met slegs blokkies aangedui word

TAAL EN STYL: (3)

- Gepaste styl, toon en register moet gebruik word.
- Kort, eenvoudige sinne moet gebruik word.
- Sien volgens die assesseringskaal na.

[10]

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou